

# Quo Vadis

Waar gaan u heen?

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 56**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Kerslied

*Hoe sal ek, arm-geringe,  
U nader in die grot;  
met medesterweling  
U huldig, Seun van God? . . .  
U roem as diep-Verloorne  
in grot-nag van die tyd;  
of as die Ongeboorne,  
Vader van die Ewigheid?*

*Sal'k melde van u kleinheid,  
'n dofheid, diep gedaal;  
of van die glanse-reinheid,  
wat van u eng'le straal?  
Sal'k meng in hulle range  
en sing hul vredelied?  
Of klaag die klaaggesange  
van Ragel in verdriet? . . .*

*Sal ek U sing, Verwachting  
vir verste heidendom?  
Of U, diepe Veragting  
van volk waar U voor kom?  
Van sterlig in die Ooste  
vir troue sterrewag?  
Of menigte ongetrooste  
hy U verskyningsdag? . .*

*U, Kind, oplaas gebore,  
Belofte uit lang verlee;  
Grootvors van God verkore  
oni slangkop te vertree.  
Of, Seun van smarte en skreie —  
Ragels Ben-oni dan?  
Begin van groter lye  
van Worm en Smarte-man? . .*

*Hoe sal ek, arm-geringe,  
U nader in die grot;  
met medesterweling,  
U huldig, grote God? . .  
My hoof buig soos die gryse  
ou Simeon, tevreë;  
ek bring U, soos die Wyse,  
goud, mirre en wierookbee.*

## Totius

Die redaksie van „Quo Vadis?“ bid u toe:

- 'n Kersfees, waarin u iets van die vrede met God in u hart sal voel tintel.
- 'n Nuwe jaar vol van die genade en die versorging van die ewige God.

# Wat wag op my in die nuwe jaar?

Ek weet nie! Weet jy? Jy weet wat jy beplan vir die nuwe jaar. Ek weet dit ook, maar wat gaan van jou en my planne word? Gaan dit uitwerk? Gaan daar iets van kom? Dit weet ek nie en jy ook nie. Ons sal ook nie weet vóór die dag daar is of die jaar verby is nie.

Jy het baie planne, mooi planne — jy wil huis bou of 'n nuwe motor koop — miskien nog 'n versekeringspolis by neem. Dalk wil jy oorsee gaan. Moontlik wil jy spaar om jou seun te laat leer. Jy wil nog baie ander dinge doen. Jy het baie planne... alles mooi planne.

Daar is niks daarmee verkeerd nie. As jy maar net by elke plan byvoeg: as die Here wil en ek lewe. Jy weet, so baie dinge kan gebeur... met my, met my planne en met jou.

Daar was 'n man, van wie Jesus vertel, wat baie ryk geword en baie planne beraam het. Sy grond het goed gedra en sy oes was baie groot. Hy het nie geweet waar om al sy graan te bêre nie. Sy skure was gans te klein. Hy beplan om sy ou skure af te breek en groteres te bou waarin hy sy hele oes kon opberg. Die hele dag dink hy oor sy goeie plan. Voor hom sien hy sy berg van opgegaarde rykdom; alles byeen gebring in één skuur... alles syne, genoeg vir baie jare! Hy dink: ek het aan niks gebrek nie, sal ook nooit weer aan iets gebrek hê nie en my dae van swaarkry is vir goed verby. Nou moet ek rus. My toekoms lyk mooi. Hierdie jaar en ander jaar en vir baie jare gaan ek net eet, drink en vrolik wees — heerlijk! — fantasties!

## **Te goed om waar te wees!**

Ja, werklik te goed om waar te wees, want hy het nie met God gereken nie! Hy het planne gemaak, maar vergeet dat God ook planne het.

Hy het nie gedink aan wat met hom sou gebeur as hy nou nie meer al daardie jare gaan lewe waarvoor hy voorsiening gemaak het nie. Hy het net gedink aan sy bed, sy bord, sy beker en sy vrolike partytjies.

Hy het nooit aan God gedink nie!

En toe hy heeltemal van Hom vergeet het, kom God en Hy sê:

Jou dwaas! Vannag nog sal jy sterwe! Van alles wat jy bymekaar gemaak het, kan jy niks saamneem nie — nie kos en drank nie, ook nie rus vir jou siel nie.

'n Môre, 'n ander jaar, 'n nuwe jaar of baie jare, sal daar nie vir jou wees nie. Jy het vir jou skatte bymekaar gemaak, maar nou is jy arm... brandarm. Jy is sonder God.

Jou skure was leeg, want God was nie daarin nie. Jou lewe was leeg, want God was nie daarin nie. Jou planne was niks werd nie, want jy het nie met God gereken nie.

## **En nou... ek en jy**

My vriend, hierdie jaar is verby. Volgende jaar is hier.

Wat wag op my in die nuwe jaar? Ek weet nie en jy weet ook nie. Ek weet jy het baie planne.

### **NOG HIERDIE JAAR . . .**

*En Hy het hierdie gelykenis uit-gespreek: 'n Man het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was, en hy het gekom en vrugte daaraan gcsoek en niks gekry nie.*

*Toe sê hy vir die tianier: Kyk, drie jaar kotn ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks nie; kap hom uit. Waarvoor maak hy die grond nog onvrugbaar?*

*Meneer, laat hom nog hierdie jaar staan totdat ek om hom gespit en mis gegooi het. As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan u hom anderjaar uitkap. — (Luk. 13:6-9).*

Is jou eerste plan vir die nuwe jaar om die koninkryk van God te soek, weer gereeld sy Woord te ondersoek, gereeld te bid, gereeld kerk toe te gaan, weer met God te lewe en weer met God te reken? As die Here wil en jy lewe, kan jy dit doen en al jou ander planne ook uitvoer! Ek bid jou graag 'n baie geseënde nuwe jaar toe — 'n nuwe jaar waarin jy in alles met God sal reken!

**I. C. J. Minnaar.**

## *As ek in my motor is, is ek baas*

*Hoekom moet daar so baie ongelukke op ons paaie wees? Hoekom sterf so baie mense deur motorongelukke? Hoekom word so baie vakansies omskep in tragedies? Ken die mense nie die padreëls nie of kan hulle nie behendig bestuur nie? Skort dit dalk met ons paaie of lê die fout dalk by ons gesindheid?*

Ons gaan see toe hierdie maand.

Ons sien natuurlik geweldig uit daarna, maar ons is ook bang, weet jy... bang vir 'n ongeluk. 'n Mens lees elke jaar van so baie tragiese gevalle: 'n hele gesin, 'n dierbare of 'n kind — gruwelik vermink êrens op die pad.

Sê nou maar so iets moet ons tref, sê nou ons kom nie almal weer gesond terug huis toe nie?

Swaer Piet vaar toe nou-die-aand so uit teen die 120 km per uur spoedbeperking. "Kyk, ou maat" sê hy, "as ek in my motor is, is ek baas. As ek sien die pad is stil en mooi en die motor se masjien is reg, dan sal ek ry soos dit my pas."

Toe tref dit my skielik: ek wil so baie kere my baasskap bewys. Per slot van rekening hoef my vuurwa vir geen ander terug te staan nie en wat is meer opwindend as om die een motor na die ander in te haal en verby te steek. Mens, dis 'n sensasie... altyd vinniger. Dan dink 'n mens mos nie meer aan ongelukke nie. Ongelukke gebeur met ander mense.

Of ons jaag resies met ons mede-vakansiegangers... heerlik onskuldig. In ons motors is ons baas. Buitendien, dis mos vakansie en daardie spoedbeperking is tog 'n bietjie oordrewe.

\* \* \*

Nou dat ek daarvoor sit en besin, lyk dinge anders. As ons almal dink die reël is oordrewe, gaan dit nog erger chaos op ons paaie veroorsaak. Wat sal word as almal die reëls oortree?

Ek hoor jou al sê: "Vriend, selfs die pliggetrouste en versigtigste motoris sterf soms in 'n ongeluk. Dit was nie sy skuld nie." Juis, dit is nie altyd die skuldige wat sterf nie. Jy en ek moet hierdie vakansie sorg dat ons nie die skuldiges is wat vrykom nie.

Daar is tog 'n oplossing vir ons probleem op die paaie. Die ongeluksyfer kan drasties daal. Dit kan gebeur as ons Christelike, gelowige motorbestuurders word wat ten alle tye die Christelike beginsels op die pad uitleef.

Het dit jou al ooit opgeval dat die grondslag van al die padveiligheidsreëls die liefde is... liefde, die groot gebod van Christus.

\* \* \*

My vriend, jy vra wat liefde met bestuurwerk, padreëls en paaie te doen het? Dit het alles daarmee te doen. Elke motoris is immers jou naaste en jy moet hom liefhê soos jouself. Wie dit nie doen nie, sondig teen die gebod van God.

Ons is geneig om die ander motoris te beskou as iets minderwaardigs, 'n "idiot" of "nog 'n onnosele vroumens agter die wiel." Jy en ek is dikwels so aggressief op die pad en weet jy: dit is nie die produk van liefde nie.

Ons vergeld kwaad met kwaad. Die aankomende motoris verdof sy motor se ligte nie gou

genoeg na ons sin nie en as straf verblind ons hom met die motor se hoofligte. Wat het jy daarmee bereik? 'n Moontlike ongeluk.

Ons kan op pad gerus dink aan die Bybelwoorde: "Oorwin die kwaad deur die goeie" en "vergeld nie kwaad met kwaad nie".

Liefde tot die mede-motoris wek ook verantwoordelikheid. 'n Verantwoordelike bestuurder koester 'n innige liefde vir diegene in sy motor en in ander motors. Daarom is sy motor 'n voertuig en nie 'n moordtuig nie. Hy skuif die eie-ek met sy verlange na baasskap opsy. Hy besef dan dat 'n ongeluk gou kom — en dit tref nie net die ander motoris nie.

\* \* \*

Ons gaan see toe.

Ons eerbiedig die gesag wat oor ons gestel is.

Ons het ons naaste lief — ook op die pad.

Daarom sal ons uiters bedagsaam, hoflik en verantwoordelik optree op die pad.

Ek is nie baas in my motor nie, maar God en sy gebod. Dan sal Hy, ook Koning van die pad, ons reis seën.

Ons is veilig by Hom.

**A. L. Coetzer.**

## *Vanwaar en... waarheen ?*

*"Hagar, slavin van Sarai, waar kom jy vandaan en waar gaan jy heen?"  
— (Genesis 16:8).*

Het u al gevoel of u die vlaktes kan inhardloop — dat die lewe vir u te veel geword het?

Die eise en pligte, miskien ook teleurstellings en ellende het ondraaglik geword. U kan dit net nie meer verduur nie. U voel u gaan te gronde... u moet weg, weg êrens heen.

Dit is dan wanneer die mens ontvlugting soek... vergetelheid. Die een probeer dit vind deur fanaties te werk. Ander, dalk ook u, soek dit deur te jaag van die een ontspanning en plesier na die ander. U vlug na die lawaai, daar waar die mense saamdrom en u uself kan vergeet met u probleme. Miskien vlug u na die droomwêreld van die bioskoop, of die bedwelming van drank, of selfs dwelmmiddels.

Miskien dink u aan L.S.D.... daar is deesdae baie maniere vir ontvlugting.

\* \* \*

Hagar was ook op vlug. Sy vlug vir haar omstandighede. Sy kon dit net nie meer uithou in die tent van Abram nie. Sarai, haar meesteres, het gal teen haar uitgestort — bittere jaloesie, omdat sy wat Hagar is, moeder gaan word, terwyl Sarai kinderloos bly. O, al die rusies, die vernederings! Tog het dit alles begin met Sarai se voorstel. Maar nou, wat moet sy nie alles sluk nie — die hatigheid, die smaad, die twis! Nee, dis te veel vir vlees en bloed. Daarom vlug Hagar... die woestyn, die wildernis in.

Maar God vind haar — hier by die put. Ja vriend, in ons ontvlugting kom ons nooit weg van God af nie. Hy haal ons in en vra aan ons soos Hagar: "Waar kom jy vandaan, en waar gaan jy heen?" Staan stil, o vlugteling en dink na oor die pad waarop jy vlug. Lei dit na die lewe of na die dood — na ware vreugde of groter smart?

God se vraag vandag aan u "Waarvandaan en waarheen?" wil u tot besinning ruk. Neem sake weer in oënskou, jy, sondaarmens! Kyk waarvandaan jy kom! Wat sien u as u omkyk: 'n wêreld van ellende wat voortstropel onder die vloek van God, 'n wêreld van pyn, haat, trane en onreg — van verlamme frustrasies en van wilde, vernietigende hartstogte wat hel toe voer. U sien 'n wêreld sonder ware toekoms en in duister sondemagte geknel.

Sien jy die pyn, die verskeuring en die dood wat om jou lê? Erken dit maar: jy lê midde in die dood! Kyk in jou en om jou en sê my of jy kan stry?

Waarom vlug jy nie na God in jou smarte en teleurstellings nie? Net by Hom is vrede, troos en genade. Christus roep jou — in sy wonde is balsem, ook vir jou smarte!

\* \* \*

Dan doen Hy met ons wat Hy ook met Hagar gedoen het: Gaan terug! Gaan terug vanwaar jy gekom het — daar lê jou taak. Onder die jaloesie van Sarai, jou meesteres, onder daardie bitter omstandighede, juis daar wil Ek jou hê vir die voltoering van My wyse wil!

Ja vriend, God stuur ons terug... terug na die stryd van die lewe, na die trane en die twis, na die gemeenheid en die hebsug en hardheid van mense, na die leed en probleme van die lewe.

Net so kan ons oorwin en ons hoogste bestemming bereik.

*SALIG hy wat in die lewe,  
sonder hulp en sonder raad,  
as hom alles wil begewe,  
vlug lot God, sy Toeverlaat;  
en ook in die swartste nag  
op die HERE alleen bly wag.*

Ná die ontmoeting met God word alles tog anders, want nou gee God jou die krag! Hagar kry die belofte sy 'n seun sal hê wat sy Ismael moet noem, want "die Here het jou in jou ellende verhoor".

Wat is heerliker as dit? God het jou pyn en probleme gesien, jou verhoor in jou nood! Nou word die lewe anders — weer die moeite werd. Daar kom krag en lewensdurf. Hagar (en ons!) sien weer kans vir die kruis, want sy het geweet en ons kan weet: Ek is nie vergete in my leed nie. God het my verhoor en Hy sal my sterk.

Daarom: Vlug na Christus, die Goeie Herder wat jou roep en jy sal teruggaan na jou stryd en moeite... met 'n vonk in die oog en krag in die hand met die wete dat die Here my in my nood en in my tydelike en ewige ellende gesien het — en my verhoor en uitgered het.

Hy het gely, geworstel en gesterf — sy siel en sy liggaam oorgegee... om u te red!

**W. J. Maritz.**



# *Is ons nog gebonde aan die Geloofte*

Die vraag wat hier as opskrif gebruik word, is 'n vraag wat allerweë gevra word.

**HIER staan wij voor een heilige God van hemel en aarde, om een gelofte aan Hem te beloven, als Hij met Zijne bescherming met ons zal wezen, en onze vijand in onze hand zal geven, dat wij die dag en datum eik jaar als een Dankdag, zooals een Sabbat, zullen doorbrenge, en dat wij een tempel tot Zijn eer zullen stichten, waar het Hem zou behagen; en dat wij het ook aan onze kinderen zullen zeggen, dat zij met ons erin moeten delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten. Want de Eer van Zijn Naam zal daardoor verheerlijkt worden dat Hem de roem en de eer van de overwinning zal worden gegeven.**

Kan die gelofte van die klein groepie mense, ongeveer 170 jaar gelede, nog vir ons geld? Sou dit my ten kwade gereken kon word as ek die gelofte nie hou nie?

Om hierdie vrae te beantwoord, moet ons die agtergrond en die motief waaruit die gelofte gebore is, nagaan en ook of die gelofte vandag nog vir ons iets te sê het.

Gaan ons die agtergrond en die motief na, dan spreek daar uit die gelofte:

- 'n Diepe godsdienssin.
- 'n Besef van grote afhanklikheid van God.
- 'n Besef van die kleinheid van eie krag en 'n onvermoë om uit eie krag te oorwin.
- Die geloof dat God magtig is om deur min te verlos.
- Die begeerte dat die roem en die eer aan God toegebring sal word en nie dat die roem en groot daad van die klein wenkommando deur die nageslag besing sal word nie.

## **Die motief en voorneme**

Die hele motief en voorneme van die gelofte is dus die eer van God, — die erkenning dat dit God is wat oor die lotgevalle van volke en nasies beskik — die erkenning dat dit God is wat ook oor die lotgevalle van ons volk beskik.

Nou is ons as volk, wat onself graag 'n Christenvolk noem, onlosmaaklik verbind aan daardie vrome voorgeslag. Ons is die nageslag aan wie hierdie groot daad van God oorgedra is, die nageslag wat dit aan ons kinders moet oordra, sodat hulle met ons daarin kan deel. Die gelofte bind die verlede van ons volksbestaan aan die hede. Die gelofte is vir ons 'n roepstem uit die verlede wat ons toeroep: Gedenk!

Wat moet ons gedenk? In die eerste plek moet ons dit wat die Here in die verlede vir ons volk gedoen het, in dankbare herinnering bring. Nie net 16 Desember 1838 nie, maar in die hele verlede van ons volk. Die gelofte bring ons telkens weer tot die dankbare erkenning dat die Here groot en almagtig is, dat Hy sy grootheid en almag ook in die lewe van ons volk getoon het en dat Hy in die uur van grote nood met sy reddende genade naby was om ook vir ons lewensruimte en lewensmoontlikhede te skep. Die dankbare erkenning van die almag en reddende genade van God oor ons volk, is die eerste waartoe die gelofte ons bring — die roem en die eer van sy Naam oor die verlede.

## **Ook vir vandag en môre**

Ons leef nie net in die verlede nie. Ons staan ook in die hede en ons leef ook die toekoms in. Nou wil ons nie beweer dat die situasie van ons volk vandag dieselfde is as op 16 Desember

1838 nie, maar in die vyandige wêreld waarin ons onself moet handhaaf as 'n klein volkie met 'n eie identiteit en 'n Godgegewe roeping, kom ons posisie tog baie naby daaraan.

Ons moet ons as volk met 'n Godgegewe roeping handhaaf teenoor 'n vyandige wêreld. Ons sou dwaas wees as ons sou beweer dat ons dit uit eie krag sou kon doen. Die tweede groot saak waarin die roepstem van die gelofte tot ons kom in die huidige situasie, is om in hierdie situasie jou afhanklikheid van God te gedenk! Dink daaraan dat dieselfde God wat sy reddende genade in die verlede betoon het, nog die God is wat oor alle dinge beskik en wat ook oor die lewensloop en lotgevalle van hierdie volk in die huidige wêreldsituasie beskik.

Ek meen dat dit die motief van die vaders met die oordra van die gelofte aan die nageslag was om ons volk altyd in dankbaarheid voor God te laat buig, om ons afhanklikheid van God te laat ken en erken en om ons as volk in ons hele lewensloop aan God gebonde te hou. Juis daarom bly ons gebonde aan die gelofte... omdat dit ons aan God bind en omdat dit in ons volksverlede en hede die beskikking van God erken. Ons sal gebonde bly aan die gelofte, solank ons gebonde is aan 'n volk wat God in al sy lewensuitinge ken en erken, solank ons glo in die beskikking van God — nie net in ons persoonlike lewe nie, maar ook in ons volkslewe.

**P. J. Steyn.**

# Waarom Kersfees op 25 Desember?

Wanneer het Kersfees ontstaan?

U sal sê: “Maar dis 'n vreemde vraag. Natuurlik met die geboorte van Christus.”

So eenvoudig is die saak egter nie, want daar was tye **toe die Christene geen Kersfees gevier het nie** — die eerste drie eeue na Christus.

Omdat die sterwe en opstanding van Christus, en nie die geboorte nie, vir die Christene van beslissende heilsbetekenis was, het die Christene aanvanklik nie Kersfees gevier het nie.

Aan die einde van die tweede eeu kom die behoefte na vore om die wêreldeinde te bereken en daarom moes die geboortedatum van Jesus vasgestel word. Verskillende datums kom na vore: 24/ 25 April, 25 of 29 Mei, 2 April, 28 Maart.

Die probleem om die geboortedatum vas te stel, lê daarin dat die Bybel geen datum vermeld nie. As gevolg van die probleem om die korrekte datum vas te stel, het twee datums vir Kersfees na vore gekom nl. 6 Januarie en 25 Desember. Die kerk in die Ooste het 6 Januarie en die kerk in die Weste 25 Desember as die geboortedag van Christus aanvaar.

Waarom sou die kerk in die Ooste 6 Januarie aanvaar het? Op hierdie dag is verskillende heidense feeste gevier. In Alexandrië is op hierdie dag die fees van die godheid Anioon gevier, asook die fees van die Nyl en die fees van die wyngod Dionysius. Die gedagte is nou dat die Christene hierdie heidense feeste opgeëis en daaraan 'n Christelike karakter verleen het.

Die Westerse kerk het 25 Desember aanvaar. Die volgende het die deurslag hier gegee:

Vir die Romeine van die derde en vierde eeue was 25 Desember die Natalis Solis Invicti, d.w.s. die geboortedag van die onoorwonne son. Omdat die wintersonstilstand teen die einde van Desember 'n aanvang neem wanneer die nagte korter begin word en die dae langer, is die Sonfees op 25 Desember gevier. Dit was vir die heidene 'n simbool dat die son die nag oorwin.

Toe Konstantyn die Christendom begunstig het, het die Christene die heidense feesdag oorgeneem en “Natalis Christi” genoem. Hulle oog was gerig op die Son van geregtigheid wat die nag van die sonde oorwin het. Omdat hierdie heidense dag verchristelik is, het dit duisende Christene verhoed om aan die heidense feeste deel te neem en is met 25 Desember die oog op die krip van Betlehem gevestig.

## ONTHOU U DIT NOG?

*En daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het.*

*En meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlijkheid van die Here het rond-om hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig.*

*En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is. En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê.*

*En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys en sê: Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehagelike!  
(Luk. 2:8-14).*

So is Kersfees dus aanvanklik op 6 Januarie en 25 Desember gevier. In die

jare 370 n.C. vind wedersydse uitwisseling en vermenging plaas, sodat 25 Desember teen 450 n.C. as die geboorte en 6 Januarie as die doop van Christus aanvaar word.

**C. J. Malan**

## *Hoe die herders Kersfees vier*

As Christus die wêreld betree deur die **agterdeur van 'n skaapstal**, word dit nie aan die Fariseërs geopenbaar nie maar aan eenvoudige herders.

Herders — uitgestotenes uit die samelewing, op een lyn gestel met diewe en rowers, maar tog aangeneem deur God. Hulle is deel van die gemeente van Jesus Christus. Hulle veragtelikheid is geen belemmering om **hoorders** van die Evangelie van Christus te wees nie.

Die herders **hoor**. Dit is hulle reaksie op Kersfees.

Wat hoor u met Kersfees? Hoor u uitwendige Kersfeesrumoer... of is u oor ingestem op die klank van die ewigheid?

**Alleenlik hulle wat in suiwere stilte nog let op die ewige God, kan waarlik hoor**, maar Kersfeesviering mag nie net bestaan uit hoor nie.

As ons **luister**, word ons verder gelei tot Christus. Daarom word die horende herders nou **soekende** herders. Laat ons dan na Betlehem gaan... (Lukas 2:15). Dan gaan hulle met haas, die voete geskoei met die verlange om die Kindjie te vind.

Ons moet **soek**, ons haas **na die krip van Betlehem**, ons haas om elke dag van ons lewe Christus te vind.

Uiteindelik betree die herders die stal en hulle **sien** die Kindjie (Lukas 2: 16). Die herders word nou **sieners, aanskouers** van die Vleesgeworde Woord. As ons Kersfees wil vier, moet ons Christus kan sien, nie met die liggaamlike oog nie maar met die sielsoog. Ons sal God se liefde alleen vind in Christus — en Christus in die krip.

Die herders hoor, soek en sien nie net nie, maar **verkondig** ook. Hulle het oral die woord, wat aan hulle van die Kindjie vertel is, bekend gemaak. (Lukas 2:17).

As ons waarlik Kersfees wil vier, moet ons:

- hoorders van die Evangelie van Christus word;
- soekers van Jesus Christus word;
- sieners van die Vleesgeworde Woord word;
- verkondigers van die grote weldaad van God word.

**C. J. Malan.**

## Waar gaan jy heen?

"Quo Vadis? Waar gaan jy heen?"  
"Wat het dit met jou te doen?"  
"Quo Vadis? Waar gaan jy heen?"  
"As jy dan wil weet — Dis Oujaar — ek gaan die lewe geniet — ek gaan dans, drink en vrolik wees. Toe, is jy nou tevrede dat jy weet?"  
"Ja, baie dankie dat ek weet — maar tevrede? Nee, ek glo nie!"

Ek sal graag so 'n paar gedagtes met u wil wissel — met elkeen wat soos bogenoemde voorbeelde reageer — veral noudat dit weer Oujaar is. 'n Ander jaar het verbygesnel — ons het weer gekom aan die einde van 'n tydperk. Durf jy terugkyk op die pad wat jy gekom het?

U wil vra: "Wat het dit met j<sup>o</sup>u te doen — ek kon tog doen wat ek wou en gaan waar ek wou."

Vriend, is dit so? Kon u werklik doen wat u wou? Kon u werklik gaan waar u wou?

Wat het dit met my te doen? Ek sal u sê: dit het met my baie te doen, met my as gelowige... as persoon wat in God en sy Woord glo. As gelowige is ek innig oor u en u eindbestemming bewoë!

### Ons praat persoonlik

Ek kan mos met u praat. Eens op 'n tyd was u ook deel van die mense wat geglo het dat hulle nie kan doen wat hulle wil en gaan waar hulle wil nie. Hoe dit nou gekom het dat u nie meer deel is nie? Ek weet u sal baie antwoorde hê: die kerk, die dominee, die ouderling, die diaken of skynheilige lidmaat of watter rede ook al.

Kom ons vergeet hulle; ek praat nou met u **persoonlik**. So leer God se Woord tog immers. Ek weet, hiervan hou die mens nie. Solank dit **ander** raak is dit goed, maar sodra dit my persoonlik raak, is die antwoord altyd: wat het jy met my te doen? Sien u, die eie **ek** tree op die voorgrond! Kom ons vergeet ook die eie ek, kom ons luister 'n bietjie wat sê God se Woord — nie wat ek **wil en kan** doen nie, maar wat ek **mag en moet** doen.

Ek mag die Woord van God aan u voorhou. Afgesien van die feit dat God se Woord die lig laat skyn oor alles en almal, het u ook eens op 'n tyd voor God gestaan en gesê u glo in sy Woord. Hier by die einde van die jaar, praat God weer met u, roep die Here God u weer tot besinning.

### Wat lê agter?

Kom ons kyk maar terug oor die jaar wat verby is. Wat het u net nie alles ontvang en wat het nie alles met u persoonlik en met u dierbares gebeur nie?

Die Here het ook vir u gesorg. Hy het die liggaam in stand gehou, die hand wat nie dankbaarheidsoffers aan Hom gebring het nie, het Hy krag gegee om voedsel te vergader. Hy het die mond wat Hom nie in dankgebed en psalmgesang geloof het nie, gevoed. Die kragte wat u deurgebring het in eie selfsug en genieting — in plaas om dit aan die diens van die Here te wy — dié kragte het Hy gesterk!

Miskien het die Here tot u geroep deur die dood van 'n dierbare — man, vrou, kind, moeder of vader. U het die stem van die Here gehoor, dit herken, maar u wou nie luister nie. In hardheid van hart het u verder gewandel, maar tog met 'n knaende, onrustige gewete.

### **Nog 'n roepstem**

Ag, so baie dinge het met u gebeur. U het hulle Sondae gesien — die lidmate van die Kerk, met hul kerklere aan. U het gewete hulle gaan kerk toe en daar gaan hulle die Here openlik dien. Ook hierin het God met u gespreek en gesê: jy was ook gewoond om Sondae op te gaan om te aanbid, maar u het nie geluister nie!

**Nou**, op hierdie oomblik wanneer u hier lees, roep die Here God weer tot u! Hy roep u terug na Hom, na sy Woord en Diens.

Moenie sê, ek kan nie, ek wil nie. Ja, ek weet in uself kán u nie en wil u nie, maar ek wil u wys op die vleesgeworde Woord, Jesus Christus, wat alles volbring het aan die Kruis op Golgota — alle gehoorsaamheid, ook vir u. Dan hoor ek Hom, die Seun van God, die Verlosser ook sê: "Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie."

Durf u terugkyk?

Ek wil u vra om dit tog te doen, om te kyk, te sien en te besin — en dan, as u besin het, vra ek u om Christus wil, om terug te keer tot Hom wat die Weg, die Waarheid en die Lewe is.

As u dit doen — vra ek vra weer aan u: Quo Vadis, waar gaan jy heen? U sal onmiddellik met vreugde kan antwoord: die Nuwejaar tegemoet, vol vreugde in die diens van die Here toegewy, nie om te doen wat ek wil nie, maar om te doen wat God wil.

Aan die einde van u lewe, sal u durf terugkyk en sê: Ek dank God, want **Hy** het my geroep en ek het geluister! Toe was Hy my genadig! Aan Hom alleen die eer tot in ewigheid!

**G. B. C. Bester.**

## *Vakansie . . . en my Bybel*

In my sitkamer het ek 'n paar koffietafeltjies. Dit is dié tipe wat drie pootjies het. 'n Driepoottafeltjie wat doeltreffend gemaak is, getuig van vakmanskap. Dink maar daaraan dat as die drie pootjies nie ewe lank is nie, dan is die tafeltjie 'n mislukking. So 'n wankelrige tafel dien nie sy doel nie. As een pootjie korter as die ander een is, sal 'n mens nie meer 'n koppie daarop kan neersit nie, want dit gaan afgly en afval. Op so 'n tafel sal glad nie staat gemaak kan word nie. So 'n tafeltjie is goed vir niks, want dit is onbruikbaar.

So is die mens ook. Die drie bene waarop 'n mens moet staan, is die liggaamlike, die verstandelike en geestelike. As die liggaam afgeskeep word, byvoorbeeld deur te min oefening of geen ontspanning nie, dan gee die liggaamskragte baie gou in. So 'n mens is 'n halwe mens, want hy kan nie doen wat hy moet doen nie. Net so gaan dit met die verstandelike been. As jy die verstand, of dit baie of min is, nie oefen nie, dan verroes dit. Tot nugtere denke is jou verstand dan nie meer in staat nie. Nou is dit so dat die mens hierdie twee bene van sy lewe oor die algemeen nie afskeep nie. Op sy vakgebied bly die mens altyd 'n leerling. Die mens se ontspanning en sport word partykeer oordoën.

Tog weet ons dat die mensdom nog nooit so ongebalanseerd was soos tans nie. Die psigiaters het vandag werk soos min. Êrens is die verhouding in die mens se persoonlikheid skeefgetrek. Hy is wankelrig en 'n las kan hy nie meer dra nie... net soos die wankelrige koffietafel ook nie gewig kan dra nie.

### **Die geestelike been**

Baie sal dit nie wil erken nie, maar ons moet die rede daarin soek dat die geestelike been van die mens nie tot sy reg kom nie. Terwyl die mens aan sy lewe bou, skeep hy die geestelike deel af. Die been is daarom swak en boonop te kort. Die menslike lewe kan nie meer staan gemaak word nie, Dit val telkens om.

Dit is nou weer vakansietyd. Hou maar ons volkie dop waar hulle met vakansie is. Hulle ontspan en speel. Hulle lees boeke en ontspanningslektuur, maar die Bybel, dié lees hulle nie. Hulle is mos met vakansie en die godsdiens kry ook nou geleentheid om te rus. 'n Mens met vakansie moet rus van alles wat hy hom gewoonlik by die huis mee besig hou.

Sien u, hoe word die geestelike been van die mens se persoonlikheid afgeskeep! Dit is nie wat die Bybel ons leer nie! Die gelowige weet God is orals alomteenwoordig — ook daar waar ons vakansie hou! Dieselfde landswette en reëls geld vir die onderdaan of jy in Kaapstad, Durban of Pretoria is. God se gesag geld ook vir die hele skepping, want Hy het dit gemaak en Hy hou dit in stand. As ek my gewilliglik onder sy heerskappy buig, deur in Hom te glo, bly ek waarlikwaar onderworpe aan Hom.

Die gelowige weet ook dat Christus gesterf het vir sy sondes. Omdat Christus sy lewe vir jou sondes gegee het, het Hy jou lewe gekoop. Omdat jy aan Hom behoort, is jy erfgenaam van die ewige lewe! Daarvoor is jy dankbaar! Daarom wil jy ook aan Hom behoort en waar jy ook al mag gaan, onder sy heerskappy wil jy nie loskom nie.

### **Padwyser**

As jy dan met vakansie gaan, wil jy jou Bybel saamneem! Dit is jou geestelike padwyser en jy moet ook tydens jou vakansie dit bly bestudeer, anders verdwaal jy, mis jy jou geestelike bestemming en dit wil jy tog nie.

As 'n mens op vakansie is, wil jy tog ook nuus van jou geliefdes verneem. Daarom lees jy elke dag uit die Bybel, ook tydens jou vakansie, want daardeur spreek Christus met jou.

Daarom gaan jy ook nog kerk toe, al is jy met vakansie, want daar hoor jy die blye boodskap:  
"So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy enigste Seun gestuur het, sodat almal wat in  
Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die Ewige Lewe sal hê!"

Hy wat dit weet, wil nooit sonder sy Bybel wees nie.

In hom lewe Christus!

Sy Bybel is sy padkaart; dit laat hom nie verdwaal nie!

Hy behou sy rigting!

So wil ek ook wees en daarom neem ek my Bybel orals saam met my — ook as ek met  
vakansie gaan!

**F. J. van Deventer.**



## ***Kan daar vir my nog genade by God wees?***

Jy sê dat jy verslaaf is aan drank en dat jou gewete jou aankla voor God. Jy was ook eens op 'n tyd 'n persoon wat kerklik nou saamgelewe het, maar maats het jou die kroeg ingelok en nou het jy die spoor byster geraak. Nou praat die stem van die Here in jou hart. Jy besef jou weë is verkeerd; jy wil terugkeer na die Here, maar jou groot vraag is of daar nog genade by God vir jou is.

### **Wat vertel die Bybel?**

Toe Jesus gelewe het, het Hy een oggend vroeg, terwyl Hy 'n groot skare onderrig het, 'n ontmoeting gehad met 'n vrou wat in owerspel betrap is. Sy gesprek met die skare is meteens onderbreek toe 'n geraas by die tempelpoort alle aandag van Hom afgetrek het. Die Fariseërs en Skrifgeleerdes het met 'n huilende vrou wat haar gesig in skaamte bedek het, reguit na Jesus aangestap gekom.

Die beskuldiging is hard voor al die mense uitbasuin. Hoe moes die vrou gevoel het? Sy het seker begeer dat die aarde maar liever moes oopskeur en haar verswelg. Sy het geweet wat op haar wag. Die wet van Israel sê sy moet gestenig word. Nou verwag die Fariseërs dat Jesus hierdie oordeel moet bevestig.

Wat was sy antwoord?

“Laat die een van julle wat sonder sonde is die eerste steen op haar werp” (Joh. 8:7).

”Ek veroordeel jou ook nie. Gaan en sondig nie meer nie” (Joh. 8:11).

### **Nog 'n voorbeeld**

Toe Jesus aan die kruis gespyker is, het daar aan elke kant van Hom 'n moordenaar gehang. Terwyl die een Jesus bespot het, het die ander in smart uitgeroep: "Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom". Jesus het hierdie trooswoorde gespreek: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees". (Luk. 24:42, 43).

Beantwoord dit nie jou groot vraag nie? Die vrou wat ontug gepleeg het en die moordenaar het genade ontvang, waarom nie jy nie? By die Here is daar genade in oorfloed. Hierdie fontein droog nooit op nie. Solank jy lewe, is daar genade. Die Here gee dit uit die rykdom van sy liefde. Al wat die Here vra, is 'n algehele oorgawe aan Hom; dat jy waaragtige berou het en na Hom toe vlug.

**J. v. V. du Plessis.**

# Die Kindjie

*Gajus Octavianus, die grote Augustus —  
ja, wie op die wêreld is groter as hy? —  
gee, reformerend, bevel tot 'n sensus,  
en gaan aan geen enkele nasie verby.*

*Nywerheid, handel, die aanbou van paaie;  
dis alles bevorder, sy ryk moet vooruit!  
Ook is daar werke aan hawens en kaaie,  
"n Rome van marmar" is selfs ingesluit.*

*Nou het die wêreld 'n glansryke tydperk  
en almal moet buk vir Romeinse gesag.  
Denkers en digters en regters moet saamwerk  
tot grootste ontplooiing van Rome se mag.*

*Bo Octavianus staan Israels Here,  
en God het besluit: hierdie ryk moet verdwyn!  
Wieroke walm nog, Augustus ter ere,  
maar reeds is 'n swangere jonkvrou in pyn.*

*Geheimnisvol word 'n Kindjie gebore,  
en dit is die Held voor wie Rome moet wyk.  
Menigtes mense, ellendig, verlore,  
miljoene migrante trek uit na sy ryk.*

*Hylco Heidema.*